

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAIN SA GRAAN SA	DATUM	DATUM		+ - LAST WEEK		BY DIE GELD PUT OPSIE				
	2018/04/24	2018/04/23		2018/04/16						
Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	JULIE '18 TERMYNPRYS	WM	YM		
DJA-index	24463	-202.00	-0.8%	24665	-0.1%	24483	PUT TREFPRYS	R 2 052.00	R 2 141.00	
Goud (Spot)	1327.26	-7.30	-0.5%	1334.56	-1.4%	1346.3	PUT PREMIE	R 79.86	R 128.41	
Brent \$/vat	74.87	0.80	1.1%	74.07	4.2%	71.85				
1 € / US\$	1.2216	0.00	-0.1%	1.2234	-0.9%	1.2331	MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 980.14	R 2 091.59	
1 US\$ / ZAR	12.32	0.090	0.7%	12.23	2.1%	12.07				
Corn	R 1 833.35	13	0.7%	R 1 819.95	*CBOT Corn Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May 12:00 the previous day					
Wheat	R 2 086.87	-7	-0.3%	R 2 094.09	*CBOT Wheat Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4 612.83	-16	-0.3%	R 4 628.57	*CBOT Soy Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)						WEEK NR.				
Corn May 18	378.00	0.00	0.0%	378.00	50					
Wheat May 18	461.00	-5.00	-1.1%	466.00	MIELIE UITVOERE					
Soybeans May 18	1019.00	-11.00	-1.1%	1030.00	WEEK TOTAAL 15 564 3 444 19 008					
PLAASLIKE MARKINLIGTING						JTD TOTAAL 749 913 1 414 018 2 163 931				
SORGHUM May '18	3130.00	0.00	0.0%	3130.00	UITVOERBAAR 2 500 000 1 850 000 4 350 000					
WMAZ Spot	2004.00	10.00	0.5%	1994.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR 30% 76% 50%					
WMAZ May 18	2052.00	8.00	0.4%	2044.00	TEMPO/WEEK BENODIG 875 044 217 991 1 093 035					
WMAZ Jul 18	2102.00	10.00	0.5%	2092.00	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS					
YMAZ Spot	2106.00	11.00	0.5%	2095.00	WEEK TOTAAL					
YMAZ May 18	2141.00	8.00	0.4%	2133.00	JTD TOTAAL					
YMAZ Jul 18	2193.00	7.00	0.3%	2186.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS					
SOY Spot	4629.00	41.00	0.9%	4588.00	% GELEWER VAN OES					
SOY May 18	4723.00	41.00	0.9%	4682.00	TEMPO /WEEK BENODIG - - -					
SUN Spot	4605.00	2.00	0.0%	4603.00	KORING INVOERE					
SUN May 18	4720.00	17.00	0.4%	4703.00	2017/18 2016/17 5 Jr. GEM					
WHEAT Spot	3895.00	48.00	1.2%	3847.00	WEEK TOTAAL - - 45 000					
WHEAT May 18	3920.00	38.00	1.0%	3882.00	JTD TOTAAL 1 157 865 386 999 824 388					
WHEAT Jul 18	3892.00	42.00	1.1%	3850.00	TOTAAL BENODIG 2 050 000 930 728 1 622 999					
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE						JTD AS % VAN BENODIG 56% 41.6% 51%				

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R12.32/\$ en het teruggesak vanaf die vlakke waarteen dit gister-middag met marksluiting verhandel het. Die rand het hoofsaaklik onder druk gekom as gevolg van die Amerikaanse mark wat meer positief verhandel en die dollar ondersteun het. Dit het meeste van die ontluikende lande se geldeenheide onder druk geplaas. Die versterking van die Brent rolleprys het gister ook meestal ondersteuning gevind, wat die rand onder druk geplaas het. In die plaaslike ekonomiese omgewing sal die hoofokus hierdie week op die verbruikersvertroue en produsente prysindeks wees, wat albei later hierdie week bekend gemaak word. Die verbruikersvertroueverslag vir die eerste kwartaal van 2018 sal Woensdag deur FNB / Buro vir Ekonomiese Navorsing vrygestel word en die algemene verwagting in die mark is dat die verbruikersvertroue effens beter kan wees as die vlakke wat in die laaste kwartaal van 2017 gerapporteer is, met die algehele meer positiewe marksentiment wat in die plaaslike mark gesien is. Die syfers van die produsente prysindeks (PPI) vir Maart sal Donderdag deur Statistiek SA vrygestel word met die meeste mark analiste wat van mening is dat die PPI dieselfde tendens as die VPI sal volg en waarskynlik laer sal wees vir Maart.

Mielies: Die Amerikaanse mieliehandel het gister 'n gemengde handelssessie gehad, maar het 'n mate van ondersteuning gevind soos die dag gevorder het, met positiewe uitvoerverkope wat gerapporteer was en die verdragings in die aanplantings tot dusver hierdie seisoen. Beide die Mei en Julie kontrakte het gister effens hoër gesluit. In die nuutste USDA-weeklikse produksievorderingsverslag was die mielie aanplantings vir die seisoen tot einde verlede week 5% voltooi. Dit is aansienlik stadiger as die 5-jaar-gemiddeld vir hierdie tyd van die seisoen wat 14% voltooi is en ook aansienlik stadiger as dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar toe die aanplantings op 15% voltooi gerapporteer was. Die Amerikaanse mielie-uitvoerinspeksies vir die week het 1,72 miljoen ton bereik, wat hoër was as die vorige week se 1,57 miljoen ton. Die weeklikse uitvoerverkope was ook hoër as die gemiddelde handelsverwagtinge in die mark en hoër as die weeklikse tempo wat benodig word om aan die jaarlikse USDA-skatting vir die seisoen te voldoen. Suid-Korea, wat verlede week die grootste koper van Amerikaanse mielies was het ongeveer 274 000 ton van die uitvoerverkope aangekoop. Die hoofokus in die internasionale mark sal vir die volgende paar weke hoofsaaklik op die Amerikaanse aanplantings wees wat reeds teen 'n aansienlike stadiger tempo as die gemiddeld plaasvind hoofsaaklik as gevolg van nat en koue toestande. Die Amerikaanse mark behoort egter sensitief te wees vir weerstoestande in die USA. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliehandel het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande van beide wit- en geelmelies wat tans gelys is. Die markbeweging vir die dag was gister nie groot gewees nie, met die meeste van die kontrakmaande wat minder as R10/ton sterker verhandel het. Die stroopproses van mielies het in sommige gebiede begin en die nuwe seisoen produksie sal die volgende paar weke vinniger in die mark begin kom. Die nuutste maandelikse SAGIS-verslag en die 3de NOK produksie skatting van somergrane word Woensdag bekend gemaak

Sojabone: Amerikaanse sojaboonpryse het gister vir die 4de agtereenvolgende dag laer geëindig, en het meestal onder druk gekom as gevolg van die laer sojaboon uitvoerinspeksies vir die week. China, wat oor die algemeen die grootste koper van Amerikaanse sojabone is, het die laaste paar weke aansienlik minder Amerikaanse sojabone aangekoop vir invoer doeleindes en dit het die Amerikaanse uitvoerverkope onder druk geplaas. Die algemene handelsverwagtinge in die mark vir verlede week se sojaboon uitvoerverkope was ongeveer tussen 300 000 en 600 000 ton gewees wat 'n lae weeklikse uitvoerverkope verwagtinge was. Die totale verkope wat gerapporteer was het egter 471 000 bereik wat effens hoër was as die vorige week se 446 000 ton. Die aankope vanaf China was vir minder as die helfte van die weeklikse aankope met ongeveer 127 000 ton wat deur China aangekoop was. Volgens die nuutste weeklikse USDA produksievorderingsverslag word die sojaboon aanplantings op 2% voltooi gerapporteer wat redelik in lyn is met die 5 jaar gemiddelde tempo teen hierdie tyd van die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonpryse het gister in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is positief gesluit. Die sojaboonpryse het ondersteuning gevind met die rand wat verswak het gister wat die druk van die laer internasionale pryse oorskadu het. Die nuutste maandelikse SAGIS syfers en die 3de produksie skatting van die NOK vir die seisoen word môre bekend gemaak.

Koring: Amerikaanse koringpryse het gister weereens onder druk gekom en het laer gesluit, nadat dit in verlede week ook hoofsaaklik laer verhandel het weens die meer gunstige weervoorspellings oor groot gedeeltes van die produksiegebiede. Die harde rooi winterkoring was die uitsondering, wat effens hoër was, terwyl beide sagte rooi en lente koring onder druk gebly het. Die Amerikaanse koring uitvoerinspeksies vir die week wat op 619 000 ton gerapporteer was, was hoër as die gemiddelde handelsverwagtinge vir die week wat tussen 350 000 ton en 550 000 ton was. Dit was ook hoër as die vorige week se uitvoerverkope met Japan wat die grootste koper van die Amerikaanse koring was vir die week en 'n totaal van 117 000 ton aangekoop het. In ander gedeeltes van die wêreld is die vraag na koring effens laer met die uitvoere vanaf Rusland wat verwak word om laer te wees in April as die Maart syfers en behoort ongeveer 1.2% laer te wees vir die maand. In die nuutste USDA weeklikse produksievorderingsverslag was die winterkoring se produksie toestande onveranderd vanaf die vorige week op 31% goed tot uitstekend gelaat terwyl die lentedoring aanplantings op 3% voltooi gerapporteer is. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het die dag hoër geëindig, met ondersteuning van 'n swakker rand. Alle kontrakmaande het beduidende winste opgelewer, met die plek- en Julie-kontrak wat die dag met 1,2% en 1% op R3 895 en R3 920 per ton eindig.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Michelle Mokone en Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za / luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

